# <u>DIE SLAG VAN MAJUBA SONDAG, 27 FEBRUARIE 1881</u>

## <u>INLIGTING RONDOM DIE SLAG OPGESTEL DEUR PEET COETZEE</u>

**Om ongeveer 8 nm die aand van Saterdag 26 Februarie 1881 skryf generaal-majoor George Colley die volgende brief in sy tent aan sy vrou Edith. Uittreksels daaruit lui soos volg:**

**"*…..I am going out tonight to try and seize the Majuba Hill, which commands the right of the Boer position, and leave this behind, in case I should not return, to tell you how very dearly I love you, and what a happiness you have been to me.*
*Don't let all life be dark to you if I don't come back to you. It is a strange world of chances; one can only do what seems right to one in matters of morals, and do what seems best in matters of judgement, as a card-player calculates the chances, and the wrong card may turn up and everything turn out to be done for the worst instead of for the best. But if one sticks to this steadily I don't think one can go wrong in the long run, and, at any rate, we can do no more.*
*Remember, darling one, that there are many who love you, and to whom you can still be a source of happiness or the reverse, and that one still has one's work to do in the world, even if it becomes very uphill work, and can still give pleasure or do good to many. Good night, darling…..How I wish I could believe the stories of meeting again hereafter; but it is no use complaining because things are not as one might wish – one must only brace oneself to meet them as they are. Think of our happiness together, and our love – not a common love, I think – and let that be a source of comfort and light to your future life, my own much-loved one, and think lovingly and sadly, but not too sadly or hopelessly, of your affectionate husband G.P.C…..*"**

**Sewentien uur later – tussen 1 en 1:15 nm op Sondag 27 Februarie 1881 sneuwel hy op Majuba tydens die laaste Britse weerstand. Die koeël het net bokant sy regteroog ingegaan en agter sy linkeroor uitgekom.**

**----------------------------------------------------**

**Die Britse mag wat Mount Prospect kamp ongeveer 10 nm op Saterdag 26 Februarie 1881 verlaat het, het bestaan uit 30 offisiere en 568 manskappe.**

**Tussen die Britse kamp op Mount Prospect en Majuba is twee groepe gelaat tydens die Britse opmars na die kruin van Majuba.**

**1ste groep – Aan die voet van Inkwelo – 2 Kompanies (ongveer 108 man) 3$^{rd}$ Battalion 60$^{th}$ King's Royal Rifles onder kapteins R. Henly en Charles Smith.**

**2de groep – Op die lang rug wat Inkwelo met Majuba verbind (tussen O'Neill's Cottage en die suidelike voet van Majuba) – No. 5 Kompanie 92$^{nd}$ Gordon Highlanders (ongeveer 70 man) onder kaptein P.F. Robertson.**

**Teen 3:40 vm die oggend van Sondag 27 Februarie 1881 het die eerste Britte die kruin van Majuba bereik.**
**Teen 5:30 vm is hulle deur die Boere gewaar en tussen 6 en 7 vm het die Boere se aanval begin.**

**Die Britse eenhede wat bo-op Majuba ontplooi was, was die volgende:**

| Eenheid | Offisiere | Onder-offisiere & Manskappe |
|---|---|---|
| | | |
| 94th Regiment | 2 | 0 |
| 58th (Rutlandshire) Regiment of Foot | 6 | 169 |
| 92nd (Gordon) Highlanders | 8 | 112 |
| Naval Brigade – bestaande uit vlootsoldate van die skepe HMS *Boadicea* & HMS *Dido* | 3 | 64 |
| 2nd Battalion 21st Royal Scots Fusiliers | 0 | 6 |
| Army Hospital Corps | 0 | 12 |
| Army Service Corps | 0 | 1 |
| Army Medical Department | 2 | 0 |
| Totaal | 21 | 364 |

---------------------------------------------------

**Die Boere aanvalsmag by Majuba was op die uiterste 350 man onder kommandant Nicolaas Smit en het uit 4 aanvalsgroepe bestaan:**

**1 – Heel links – Assistent-veldkornet D.J.K. Malan en veldkornet Stephanus Trichardt.**
**2 – Ongeveer in die middel – Veldkornet Stephanus Roos.**
**3 – Regs – Kommandant Joachim Ferreira.**
**4 – Heel regs – Tussen 50 tot 100 van kommandant Ferreira se Burgers.**

---------------------------------------------------

**Met die val van Colley het alles vir die Britte ineengestort en was die slag feitlik oor.**
**Sy liggaam is na die hooflaer van die Boere geneem en deur dr. Alexander Merensky ondersoek waarna dit op 1 Maart na die Britse kamp geneem is. Hy is om 5 nm op dieselfde dag in die begraafplaas langs die kamp aldaar begrawe.**
**Op Sondag 13 Maart 1881 het sy vrou sy graf besoek asook die volgende dag en daarna nie weer nie.**

---------------------------------------------------

## Kommandant-Generaal Piet Joubert se verslag oor die Slag Van Majuba aan Vise-President Paul Kruger – Sondagaand 27 Februarie 1881

*"…..Zondagavond, 27 Februarij 1881.*
*Aan Zijn Hoog-Ed. S.J.P. Kruger,*
*Vice President.*
*Hoog-Ed. Heer, – Laats leden Zaterdag avond zat ik daar te schrijven om copijen van President Brand's brieven te nemen en ook een brief aan Herbert Stewart te schrijven.*
*Dezen morgen om 4 uur wekte ik elken man om zijne positie in te nemen, en ik begon aan een rapport voor Generaal Cronjé, dat ik ook insluit. Ik zat nog te schrijven en de zon kwam juist op, toen een rapport kwam, dat de troepen achter den rechterhandsche grooten kop omkwamen. Toen was het: 'opzadelen', 'opzadelen', maar tot onze verbazing bemerkten wij spoedig dat de vijand geheel den kop in bezit had en er reeds een aanzienlijke macht boven op den grooten kop was.*
*Oogenschijnlijk zou men zeggen, dat wij alles verloren hadden, en zoo zou het geweest zijn, als de vijand den kop behouden had, maar boven en buiten verwachting hielp ons de Heer, en elk onzer schrijft het aan de wonderbaarlijkste redding en hulp van een alles besturend en machtig God toe.*
*Onze mannen beklommen den berg met een moed en kracht die alle verstand te boven gaat. De troepen onder aanvoering van Kolonel Colley zelf, wilden de positie niet opgeven, zij vochten als ware helden: maar onze God die ons de overwinning gaf en ons bewaarde, deed zoo een heerlijke daad die alle wonderen van moed en beleid te boven gaat. Het allerwonderlijkste voor ons is dat aan onzen kant slechts één doode en (zoover ik te weten kan komen) één zwaar gewonde en vier licht gewonden, zijn.*
*De gedoode is Johannes Bekker, van het distrikt Middelburg. De gewonden zijn: Groenwald, Van der Merwe, Muller, Labuschagne en Vermaak.*
*De dooden aan de anderen kant zijn niet goed bekend, door de oneffenheden van den grond, maar kunnen geschat worden meer dan 150 te bedragen.*
*Onbekend hoeveel officieren met Colley gesneuveld zijn. Nagenoeg twintig zeer zwaar gewonden en meer licht gewonden; 7 officieren, 45 manschappen, en één sergeant prisonniers gemaakt, welke krijgsgevangenen ik verplicht ben naar U op te sturen naar Heidelberg. Ik verneem dat de Engelschen weder 2000 man versterking hadden gekregen.*
*De soldaten die met ons in gevecht waren, zijn die van de 92ste Hooglanders, 2 compagnie 58ste, 2 compagnie 60ste Rifles. De kanonnen waren niet binnen ons bereik gebracht, maart bij het kamp van daar werd kort op onze mannen geschoten, toen zij de laatste schansen bestormden.*
*Ik heb nu zooveel te doen dat ik niet meer kan schrijven, daarom moet ik nu eindigen en UHED. gelukwenschen met den uitslag van den slag van heden, en dat deze dag als een dank- en bededag moge worden behouden.*
*Uw Hoog-Ed. Zeer gehoorz. dienaar,*
*(w.g.) P.J. Joubert.*
*Command.-Generaal….."*

---------------------------------------------------

## Kommandant Joachim Ferreira se verslag oor die Slag van Majuba soos dit in *De Zuid-Afrikaan* verskyn het

***"…..Zondag, den 27sten. De order in ons kamp was: alle manschappen moeten om 4 uur op de wachtplaats wezen. Wij deden zulks. Dien gedenkwaardigen Zondag waren wij dus op onze wachtplaatsen. Toen het licht begon te worden, werden er sdchoten gehoord van den kant waar kommandant viljoen met zijne manschappen geplaatst was. Dadelijk bemerkten wij, dat de soldaten reeds op den Kop waren. De generaal gaf toen order om den Kop te bestormen. Wij klommen op onze paarden en reden weg in die rigting. Toen wij een weinig gevordewrd waren, begon de eerste aanval op ons. Wij trachtten toen zoo spoedig mogelijk onder den eersten rand te komen. Daar gekomen zijnde, werden ook de paarden hierheen gebragt, dewijl het een plek was, waar de Engelschen dezelve niet konden doodschieten en ook, omdat men op dat oogenblik niets met hem kon uitvoeren.***

***Nu ging het langzaam te voet, onder gestadig vuren van weerzijden, doch wij gingen voet voor voet voorwaarts. Veldcornet Roos en ik gingen bij de middeelste bank van elkander.***

***Ik had de kopjes te bestormen, terwijl Roos met zijne manschappen regt voor zich uit zou opklauteren, want het was zeer steil. Wij deden volgens afspraak.***

***Hoe nader men aan den top des bergs kwam, hoe heviger het gevecht werd. De soldaten rukten met gevelde bajonetten op ons aan, maar wij losten zulk een vuur op hen, dat zij niet nader dan twintig treden van ons af konden komen. Ons vuur was zoo hevig dat zij het niet konden uithouden, en sommigen namen de vlugt, terwijl anderen zich overgaven.***

***Ikmoet bekennen dat wij hen niet geslagen hebben, maar God de Heer. Dit was voor menschen onmogelijk, en dan maar één man te verliezen. Dus geen eer voor de menschen. Aan onzen Grooten Generaal komt de eer toe. Dat er zoveel lawaai gemaakt is, als zouden de soldaten geen ammunisie meer gehad hebben en dat zij zoo dapper hebben gevochten, weet gij.***

***Ieder kan voor zich zelven oordeelen; maar dit kan ik met waarheid verzekeren, dat er bij iederen soldaat van veertig en zeventig patronen gevonden zijn, terwijl er onder onze menschen waren, die maar dertig patronen bij zich hadden, toen wij den Kop bestormden. Op zijn alleruiterste genomen, waren er geen honderd-en-vijftig man, die den Kop bestormden.***

***Het kon ook niets anders, want wij moesten op iedere nek manschappen houden, omdat wij verwachten datr een van de nekken zou bestormd worden….."***

---------------------------------------------------

## DIE BOERE SE VERLIESE IN DIE SLAG VAN MAJUBA

**Dr. Alexander Merensky (8.6.1837 – 22.5.1918) het op 11 April 1881 'n verslag hieroor te Botsabelo opgestel. Hy was "…*Chef van de Ambulance en Geneeskundige dienst bij het Hoofdlager der Z.A. Republiek, gedurende den tijd van af den 1sten Februarij tot den 28sten Maart 1881*…".**
**Sy verslag is op 11 Mei 1881 in die *Staats Courant* gepubliseer en is te vinde in: *De Staats Courant gedurende den Vrijheidsoorlog van 1881: Herdrukt op gezag der Regering van de Zuid-Afrikaansche Republiek*, (J.F. Celliers, Pretoria 1885).**

| Naam | Ongeval | Dr. A.A.B. Merensky se verslag | Opmerkings |
|---|---|---|---|
| | | | |
| Andries Johannes Bekker | Gedood | — | Hy is bokant kommandant-generaal Piet Joubert se laer begrawe wat geleë was onmiddelik noord van Majuba. Sy graf is tot op hede nog nooit opgespoor nie |
| Johannes Jakobus Groenwald | Gewond | "…schot door boven-arm, been en blad verpletterd, en door de long. Arm afgezet in het schouderlid door mij onder assistentie van Dr. Hutchinson. Overleed door zwaarte der wond en bloedeverlies…" | Hy is op 16 Maart 1881 aan sy wonde oorlede. Sy stoflike oorskot is op Koornplaas ter ruste gelê by dié van sy moeder wat in 1873 op drie-en-dertigjarige leeftyd oorlede is |
| Jacobus Labuschagne | Gewond | "…schot door elleboogIid en kneuzing van de dij door een handbom; vertrok tamelijk gezond naar huis…" | — |
| Samuel Muller | Gewond | "…schot door bovenarm en hand; naar huis…" | — |
| Carel Pretorius | Gewond | "…schot door hals; naar huis…" | — |
| Gabriel E. van der Merwe | Gewond | "…schot door het dijvleesch; naar huis…" | — |
| Theunis Vermaak | Gewond | "…schot door de kuit; naar huis…" | — |

---------------------------------------------------

## BRITSE ONGEVALLE

| | Offisiere | Onder-offisiere & manskappe | Totaal |
|---|---|---|---|
| Gedood | 4 | 81 | 85 |
| Gewond | 8 | 127 | 135 |
| Aan wonde oorlede | 2 | 23 | 25 |
| Krygsgevange geneem | 1 | 43 | 44 |

---------------------------------------------------

**Op Maandag 28 Februarie 1881 is 'n groep onder bevel van luitenant Reginald Cochrane, Royal Navy, uit Mount Prospect kamp gestuur om die Britse gesneuweldes bo-op Majuba te begrawe. Kaptain Forbes MacBean van die 92$^{nd}$ Gordon Highlanders wie die groep vergesel het, beskryf die toneel op die kruin van Majuba soos volg:**

***"…..The top of Majuba was a horrid sight. The first thing I saw was a long row of dead men – some forty or fifty of them. There were also numbers of wounded men lying about – some on the ground, others on stretchers – most of them frightfully wounded. I went towards the edge of the hill, where so many of the 92nd men had been killed. There the grass was a mass of blood and brains, and was red all over…..The men set to work to dig the grave…..Eventually the grave was dug, and the men put in three layers…..To my best recollection, we put about seventy-five bodies in….."***

**'n Onbekende Burger wat aan die slag deelgeneem het beskryf op 5 Maart 1881 die slagveld in 'n brief aan sy vader soos volg:**

***"…..Het is een verschrikkelijk ding een slagveld te aanschouwen, de berg en de kloof waren bezaaid met dooden, stervenden en gewonden; het is niet om te beschrijven dat gerochel, gekreun, gekerm, geroep, vragen om water, om hulp, om grog, het snijden en kerven der dokters, het bijeenbringen van dooden, gewonden, wapenen en ammunitie. Het is een verward iets…..***

~~~~~~~~~~**********~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~

## 'N PAAR BROKKIES INTERESSANTE INLIGTING RAKENDE MAJUBA

**Nadat die Britse mag op die kruin van Majuba stelling ingeneem het, het luitenant Hector MacDonald van die 92$^{nd}$ Gordon Highlanders 'n put laat grawe. Dié het weliswaar water opgelewer. Daarna is 'n tweede put gegrawe. Dit is gedoen in die middel van die holte op die kruin en naby hul veldhospitaal.**

---

**Daar was 3 oorlogskorrespondente saam met die Britte op Majuba naamlik:**
**John Alexander Cameron van *The Standard* (London).**
**Thomas Fortesque Carter van die *Natal Times* (Pietermaritzburg).**
**Thomas Hay van die *Daily News* (London).**
**John Cameron se verslag ooir Majuba word allerweë beskou as een van die beste en mees volledigste verslae oor die geveg.**

---

**Generaal-majoor George Colley se vrou het op 13 Maart 1881 sy graf by Mount Prospect kamp besoek. Dié dag was ook die herdenking van hulle troudag. Hulle is op 14 Maart 1878 getroud.**

---

**Op Donderdag 3 Maart 1881 het brigadier-generaal Evelyn Wood die bevel van Mount Prospect kamp oorgeneem.**

---

**Die vredesonderhandelings het op Woensdag 16 Maart 1881 'n aanvang geneem in O'Neill's Cottage en vrede is op Woensdag 23 Maart 1881 hier onderteken.**
**Op Donderdag 24 Maart 1881 het die Boere hul laers by Majuba en Laingsnek ontruim en huiswaarts gekeer.**

---

**Daar is net een Viktoriakruis by Majuba toegeken en wel aan korporaal Joseph John Farmer.**
**Hy is op 30 Junie 1930 in die ouderdom van 76 oorlede en in die Brompton begraafplaas begrawe.**
**Sy grafsteen is 'n groot klip wat van Majuba af kom.**
**Die klip is teen die berg afgebring deur meneer W. Bemhardt en tot op Charlestown vervoer en toe per spoor tot in Durban vanwaar dit per skip Engeland toe geneem is en op sy graf geplaas is.**
**Die inskripsie op die klip- lui:**

**THIS ROCK WAS SENT FROM THE SCENE OF THE BATTLE OF MAJUBA HILL, SOUTH AFRICA,**
**FOUGHT ON THE 27TH FEBRUARY 1881, AND DEDICATED TO THE MEMORY OF**
**CORP. JOSEPH JOHN FARMER, V.C., ARMY HOSPITAL CORPS.**
**DIED 30$^{TH}$ JUNE, 1930, AGEDS 76.**

**ERECTED BY HIS FAMILY, OLD COMRADES OF THE DURBAN LIGHT INFANTRY,**
**TOGETHER WITH COMRADES OF HIS CORPS AND FULHAM CITIZENS.**
**REST IN PEACE.**

**Die steen is op 30 Junie 1930 deur generaal Ian Hamilton onthul.**

---------------------------------------------------

**Die Boerelaers by Majuba en Laingsnek**

| Laer | Sterkte |
|---|---|
| | |
| Hooflaer – Hoofkwartier van kommandant-generaal P.J. Joubert | 500 – 600 man met ongeveer 330 waens |
| Lydenburg | 150 man |
| Rustenburg | 400 man |
| Middelburg (Nazaret) | 300 man |
| Utrecht | 207 man |
| Assegaairivier | 250 man |
| Heidelberg | 316 man |
| Later bygekom: Vrijstaat | Ongeveer 300 man |

---------------------------------------------------

**’n Re-unie van Majuba veterane is op 7 tot 8 Oktober 1935 by Volksrust gehou.**
**Op Maandag 7 Oktober om 11:30 vm het die oudstryders die berg uitgeklim and teen omtrent 2 nm ’n klipstapel bo-op MacDonald’s Kop gepak. Hier is later die Boeremonument opgerig met die klippe wat daar gepak is.**

---------------------------------------------------

**Veldkornet Stephanus Roos (gebore 21 Julie 1844) sneuwel presies twee jaar na die Slag van Majuba op 28 Februarie 1883 in die oorlog teen Mampuru.**

---------------------------------------------------

**Kommandant Joachim Johannes Ferreira (gebore 8 Augustus 1835) is op 16 Mei 1917 naby Piet Retief oorlede.**

---------------------------------------------------

**Luitenant Ian Hamilton wie ook in die tweede Anglo-Boereoorlog in Suid-Afrika was het na die geveg op Majuba na Colley se lyk gaan kyk waar hy geval het.**
**Jare later beskryf hy die toneel baie treffend in die volgende woorde:**

**Sir George Colley, stretched out, exactly as the effigy of a Knight lies in a cathedral, upon the flattened summit of Majuba. His face I have to imagine, for a cloak has been thrown over it, but that is one reason why I remembrer it the better, and the wound, though I saw it not. Had death so composed his limbs, or**

**the pious hands of the foe? I know not. There he lay upon a site which might have been selected by Valkyrie for a hero's grave, midway between the Transvaal and Natal with an eagle's outlook over both.**

**---------------------------------------------------**

**Iets merkwaardig wat min vertel word is dat daar net na afloop van die geveg 'n baie digte mis oor die berg toegesak het.**

**Veldkornet Stephanus Roos meld in sy herineringe wat in *Ons Klyntji*, Deel I, nr. 1, Maart 1896 gepubliseer is "*…..Ons maak toen plan om 'n kleine wag by di krygsgevangene op die kop te laat, en di Engelse kamp te gaan bestorm. Mar terwyl ons nog daaro'er planne maak, kom daar 'n digte mis op uit Natal, so skilik en so dig as ek nog ni gesien het ni. Toen sê ons almal: Né, dis di hand van die Here wat sê: 'So vêr, mar ni verder nie!.....***

**Die onbekende Burger (reeds hierbo vermeld) skryf aan sy vader op 5 Maart 1881 hieroor:**

**"*…..Er bestond plan onder de ruiters om het kamp te bestormen, maar het was alsof de Heere zeide 'Tot hiertoe en niet verder', want op het oogenblik kwam er in een oogwenk zoo een ondoordringbare mist opzetten, dat alles in donkerheid was en men geen 10 treden ver van zich af kon zien.***
***Het was als of de hemel rouw bedreef over de gruwelen der menschen…..*"**

**Veldkornet Stephanus Trichardt meld in sy herinneringe "*…..De mist viel, waardoor een einde aan het gevecht kwam…..*".**

**Hendrik Balthazar Klopper Herman se herinneringe is in *Pretoriana* opgeteken en hy meld "*…..Toe sak daar skielik 'n wolk op ons neer dat dit 'n dik mis was en ons geen tien tree ver kon sien nie…..*"**

**Oom Jaap Malan (Jacob Stephanus) van Rustenburg se herinneringe is onder andere in *Kommando* gepubliseer en daarin vertel hy "*…..Ons was op die punt om die vlugtende vyand agterna te sit toe 'n digte mis vanaf die Natal se kant opgekom het en die berg bedek het. So dig was die mis dat ek nie my hande voor my oë kon sien nie. Toe het Generaal Nicolaas Smit gesê: 'Tot hiertoe en nie verder nie, ons het vandag genoeg bloed vergiet, die Here het ons die oorwinning laat behaal…..*"**

**In die Joernaal van C.N.J. du Plessis soos opgeteken deur G. Haupt en kommandant J.D. Weilbach word die volgende gemeld "*…..Toen men besloten had verder te vechten en ook het kamp te bestormen, trok de lucht met donkere mistwolken toe, zoodat voor verder vechten geen kans overbleef…..*"**

**---------------------------------------------------**

**Op 20 April 1881 skryf luitenant Hector MacDonald van die 92$^{nd}$ Gordon Highlanders die volgende in 'n brief aan Sir George White: "*…..We were completely surprised…The Boers shot from the shoulder, standing, then flopped on the grass, loaded, rose and bringing the rifle again to the shoulder, continued the practice…..*"**

**---------------------------------------------------**

**Bo en behalwe die Britse soldate wat op die kruin van Majuba begrawe is, is daar ook van Majuba se ongevalle wat in die begraafplaas by Mount Prospect begrawe is. In dié begraafplaas is daar onder andere grafte van die gesneuweldes van die veldslae van Laingsnek (26.1.1881) en Schuinshoogte/Ingogo (8.2.1881).**
**In 1981 met die honderdjarige herdenking van die Eerste Vryheidsoorlog is dié gerestoureerde begraafplaas deur J.C.G. Botha, destydse administrateur van Natal, onthul op Vrydag 27 Februarie 1981.**

~~~~~~~~~~*********~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~